

Dinsdag 1 Augustus

Skrifgedeelte: Filippense 1:15-26

Fokusgedeelte: Filippense 1:20, 21

Is my lewe my eie?

Ons hoor gereeld by wêreldse skrywers, filosowe en motiveringsprekers: *“Neem beheer van jou lewe. Dis jou lewe, jou tyd, jou middele. Gryp elke geleentheid aan om jouself te bevoordeel.”* Is jou lewe jou eie?

In hierdie Skrifgedeelte sien ons die teenoorgestelde. Paulus is ’n gevangene. As dit van hom sou afhang – as dit sy eie lewe was – was hy nie geboei nie. Omdat hy aan Christus behoort en Christus wil verheerlik, is hy gebind. Hy skryf vir die Filippense dat hy selfs in twee gedeeltes is. Dit is vir hom verreweg die beste om by Christus te wees, maar hy weet ook dat hy nog hier op aarde is ter wille van Christus se gemeente. Ons ken die bekende woorde: *“Want vir my is die lewe Christus, en die sterwe wins.”* As hy lewe, leef hy vir Christus! As hy sterwe, is dit ’n wins, want dan is hy ook by Christus. Paulus se lewe is nie sy eie nie. My lewe is nie my eie nie! Christus het duur betaal om ons lewe vry te koop van die greep van die sonde! Hy het die dood oorwin sodat ons in Hom lewe. Sy Heilige Gees lei ons elke dag in die lewe om Christus en sy wil te soek. Daarom moet ons ook net soos Paulus in ons fokusverse sê: *“Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe ...”* ja, *“dat Christus met alle vrymoedigheid groot gemaak sal word in my liggaam.”*

Verheerlik jy die Here, maak jy Hom groot daar waar jy werk, ontspan of rus? Want my lewe is nie my eie nie!

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 4, 5

Ds. MH le Roux (Marco)(Reitz/Lindley)